Oefen jou politieke spiere!

Glasoog

JOHANN **ROSSOUW**

Soos onlangs in hierdie rubriek aangevoer, lyk dit asof betekenisvolle verandering in Suid-Afrika telkens plaasvind wanneer die land kollektiewe selfvernietiging nader.

Presies wanneer dit gebeur, is moeilik om te sê, maar dit lyk asof dit tans weer so is – soortgelyk aan die hoogs gespanne laat jare tagtig van die vorige eeu.

Destyds het massadeelname deur gewone mense aan demokratiese protesaksies uiteindelik 'n groot rol gespeel om die einde van apartheid mee te bring.

As 'n mens vandag die stemming in die land probeer peil, is dit moeilik om nie die wydlopende swartgalligheid, moedeloosheid en selfs woede raak te sien nie.

Hierdie negatiewe stemming spruit uit die verdiepende ontnugtering met die mislukte rasnasionalistiese visie van die ANC, wat die verskillende groeperinge in die land op verskillende maniere raak.

♦♦♦

Suid-Afrika is 'n land van uiterstes. Dit is ook 'n land wat al minstens 150 jaar lank deur strukturele onstabiliteit gekenmerk word.

Dié onstabiliteit manifesteer telkens in nuwe hoogte- of laagtepunte wat ook telkens gepaardgaan met nuwe uiterstes van jubelende optimisme of bitter pessimisme.

Hierdie wilde nasionale gemoedswisselings word ongetwyfeld aangehelp deur die verknogtheid aan die gevaarlikste van alle politieke illusies: dat die groot wending een of ander tyd gaan kom (of nooit gaan kom nie).

Aangesien die werklikheid by hoë uitsondering deur groot wendings gekenmerk word, veroorsaak die verwagting van die groot wending (of die aanname dat dit nooit gaan kom nie) in die algemeen kollektiewe verlamming en onttrekking.

Anders gestel: Naas die strukturele onstabiliteit van die land is die oorspanne verwagtinge waarmee die nasionale werklikheid benader word, amper net so 'n belangrike faktor in waarheen die land onderweg is – per slot van rekening is die land se lot ons elkeen se verantwoordelikheid.

Soos reeds aangevoer, raak die ANC se mislukking verskillende groeperinge op verskillende maniere. Gegewe die uiterstes wat die land kenmerk, is die soeke na die middelgrond altyd noodsaaklik: om die een te doen sonder om die ander na te laat.

Dit is byvoorbeeld net so belangrik om die aard van elke groepering in die land se ontnugtering te erken ten einde 'n groter gedeelde bewustheid as voorwaarde vir kollektiewe aksie te ontwikkel, as wat dit is om ook die spesifieke aard van die groepering waarmee jy binne die groter geheel identifiseer, se ontnugtering te deurskou.

Wat Afrikaners betref, is dit waarskynlik so dat gegewe die betreklike veiligheid wat ons in die vorige bedeling geniet het, die betreklike onveiligheid wat ons nou met almal in die land deel, ons nog erger as die res van die land raak.

Nie omdat ander veiliger as ons is nie, maar omdat die bewustheid en ervaring van onveiligheid vir ons 'n betreklik varser werklikheid as vir die meeste van ons landgenote is.

Die feit dat ons ervaring van onveiligheid gevolg het op ons dapper oorhandiging van politieke mag aan die meerderheidsparty in die land, het ons met 'n dubbele skok gelaat.

Om sake te vererger, het ons tydens apartheid – wat ongeveer twee geslagte Afrikaners 'n vlak van staatsbeskerming en -versorging gegee het wat geen ander Afrikaners daarvóór of daarná geniet het nie – afgeleer hoe om doeltreffende politiek te bedryf en ons selfstandigheid te handhaaf.

♦♦♦

Dit is teen dié agtergrond dat die Solidariteit-beweging (Solidariteit, Helpende Hand en AfriForum) se vreedsame protes teen misdaad eerskomende Woensdag werklik 'n belangrike geleentheid vir Afrikaners in die besonder is. Waarom?

Eerstens, soos die SA Instituut vir Rasseverhoudinge onlangs beklemtoon het, beskik wit mense in die algemeen oor drie strategies belangrike vermoëns:

- die vaardighede waarsonder die land nie kan nie;
- die belastingbydrae waarsonder die land nie kan nie; en
- die voedselproduksie waarsonder die land ook nie kan nie.

Woensdag se protes, wat in beginsel daarop neerkom dat Afrikaners landwyd 'n dag lank wettig nie werk nie, is 'n geleentheid om die belang van ons vaardighede te demonstreer deur dit vir een dag te weerhou.

Tweedens: dit is 'n ou, bekende argument van die regering dat indien iets vir Afrikaners regtig belangrik is, ons dit sal demonstreer deur te toi-toi.

Afgesien van die ooglopende politieke onwilligheid om Afrikaners se legitieme frustrasies te erken, is hierdie argument nie heeltemal ongeldig nie as 'n mens onthou die huidige regeringsleiers het dekades lank nie toegang tot grondwetlike kanale van wettige protes gehad nie. Hulle is dus as 't ware instinktief ingestel op minder konvensionele protesvorme.

As Afrikaners Woensdag in groot getalle aan die protes deelneem en wegbly, sal dit in die nabye toekoms vir die regering moeilik wees om te sê ons het nie "getoi-toi" nie.

Derdens – en die belangrikste – is Woensdag se protes 'n sleutelgeleentheid om ons opnuut in politieke betrokkenheid en selfstandigheid in te oefen, baie soos 'n ou atleet wat ná jare weer begin oefen en sien hy kan nog die afstand aflê.

Om kollektiewe swartgalligheid, vrees en verlamming te oorkom, is daar niks soos aksie nie. Woensdag is die dag.